# Druppels

Waterval- Gemeente

Maart 2022



## ***DANKBAARHEID IS...***

*Dankbaarheid impliseer dat ek iets ontvang het, en dus afhanklik is van wie dit vir my gegee of vir my gedoen het; dat ek dit erken en uitspreek. Sommige mense vind dit groot moeite. Wanneer iemand hulle `n geskenk gee, is hulle eerste reaksie : om te skat van watter waarde die geskenk is; en volgende week kry die gewer `n geskenk van soortgelyke waarde terug. So is daar weer `n ewewig. Sulke mense kan nie in skuld wees of afhanklik wees nie.*

*Alles wat ek is of het, het ek op een of ander manier van andere ontvang: die taal wat ek praat, die huis wat ek bewoon, die Vryheid wat ek geniet, die dinge wat ek dink en die geloof wat ek bely; dit kom alles via ander.*

*Dankbaarheid is die erkenning dat ek nie self die oorsprong van my bestaan is en van alles wat nodig is om te bestaan nie. Dankbaarheid erken en aanvaar dat ander vir my iets doen. Ons moet leer lewe met dankbare harte, want daar is in ons `n neiging om alles aan onsself toe te skryf, of om dit as vanselfsprekend te ervaar.*

*Piet van Breemen*

# Gemeentenuus






**Vrouekuier**

`n Oggend vol inspirasie

26 Maart '22  9:30

Waterval kerksaal

@R60pp (ligte ete ingesluit)

Kaartjies by Henriette of Ralie

# Geelbladsye

Hekel Hande

Henriette
083 563 6853



**VUURSPEL HOUT**

Hout te koop

| | | |
|---|---|---|
| Sekelbos - | Klein sak | @R20 |
| Black Wattle - | Groot sak | @ R80 |
| | Klein sak | @ R20 |

Kontak Thys du Preez – 073 166 7465



Tuisgemaakte konfyt
@R40
Willie 082 680 1473

B&H Draughting Services.

Vir alle "AD-HOC" Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D
Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:
Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.
Kontak: Bennie Badenhorst
084 3601253
E-pos. bhdraughting@gmail.com






Eiers beskikbaar
Hilda 074 408 0392

Gemeente Kontakbesonderhede
Posbus 442, Bergbron, 1712
Hv Longweg en 11de str, Newlands
Kerkkantoor 011 4778534
waterval@absamail.co.za



Diens: Sondag 08.30
Gebedsgroep: Woensdag 10.00

**BANKBESONDERHEDE**
ABSA ,
Waterval Gemeente NPC
Rek nr: 4099924637

Musiekbediening Pieter Kruger 083 443 7694
Jeugbediening Renaldo de Buys 072 920 5896
Besige Bye Ralie van Heerden 083 788 2317
Diens van Barmhartigheid
Thys du Preez 073 166 7465
Druppels Maandblad Ds Willie 082 680 1473
pierreswart@xsinet.co.za

GEBEDSBEDIENING
Ons het `n gebedsgroep op Woensdae om 10:00 te Gordonweg 104, Bergbron.
Almal welkom

WHATSAPP GEBEDSGROEP
Daar is `n Waterval-gebedsgroep op whatsapp.
Indien jy belangstel om deel van hierdie groep te word, kontak die kerkkantoor.

Om SnapScan te kry:

1. Download die App op jou foon vanaf die App Store. Dis gratis.
2. Jy moet jou besonderhede voltooi soos bv naam, van, epos adres, selfoon no ens.
3. ‘n Debiet- of Kredietkaart moet gekoppel word aan jou profiel. Die app maak dit maklik deur dat jy op die app ‘n foto neem van jou kaart en hy voltooi self meeste van die besonderhede. Die 1 of 2 ander goed sal die app vra.
4. Jy moet ‘n pin kode kies wat met elke betaal ingesleutel moet word
5. Daarna is jy reg om die app te begin gebruik.

Snap here to pay
SnapScan

Om SnapScan te gebruik:

1. Open jou SnapScan App
2. Onder in die middle van die skerm is ‘n knoppie vir ‘n kamera. Klik op dit. Dit sal lyk of jy foto wil neem.
3. Neem Waterval se QR kode af en dit neem jou direk na Waterval se besonderhede.
4. Vul ‘n bedrag in en kies betaal. Sleutel jou pinkode in.
5. Dit bedrag sal dan outomaties vanaf jou rekening betaal word na Waterval.
6. Indien dit ‘n verwysing vra kan jy jou naam en van gebruik of slegs sê donasie/kollekte of nvt net soos jy verkies.


Daar kan ook ‘n link via WhatsApp of SMS gestuur word wat jou neem na Waterval se besonderhede op SnapScan waar jy dan ‘n betaling kan maak.
Die betaling stappe is verder dieselfde enigste verskil is jy klik op die link in plek van die foto neem van QR kode
Kontak Hannelie du Preez (kerkkantoor)

**Leef stadiger sodat God se goedheid en liefde jou kan inhaal**

Ons is haastige aan die hardloop mense. Ek wil jou uitnooi om stadiger te leef. Sien weer daardie blom in jou tuin raak, proe jou kos voordat jy dit haastig afsluk, sien die mense om jou raak. Makeer jou pas; leer 'n nuwe ritme aan - God se ritme. Hy het altyd tyd vir mense en dinge wat ewigheidswaarde het. Interessant dat die geliefde Psalm 23 lees: "U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly." Die Hebreeuse vertaling lees: "U goedheid en liefde sal my agtervolg.. ." Dit is treffende personifikasie. Die psalmdigter sê goedheid en liefde bly op sy hakke. Die woord "agtervolg" word gewoonlik in 'n negatiewe sin gebruik, wanneer jou vyande jou agtervolg en wil plattrek. Maar hier keer God dit om, jy word nie deur vyande agtervolg nie, maar deur Sy goedheid en liefde. Dalk moet jy stadiger leef, soos hulle in Engels sê, "Slow down," sodat Sy goedheid en liefde jou kan inhaal!

Liesel Krause-Wiid xx

# Kinders



**DWARS**

1 Josef se pa

2 Josef se oudste broer

3 n Geskenk van Josef se pa af

4 Farao se tweede droom was oor 14 …

5 Hy het vir Josef as slaaf gekoop

**AF**

1 Josef se familie het in hierdie land gewoon

2 Josef se broers het hom hierin gegooi

3 Die land waarheen Josef geneem is om verkoop te word

4 Farao se eerste droom was oor koeie, 7 was vet en 7 was…

**Krummel-piesangmuffins**

*Recipe by Marinda Engelbrecht*Course: Gebak

**Voorbereiding**

30 minutes

**Kooktyd**

25 minutes

## BESTANDDELE

- 375 ml koekmeel
- 5 ml bakpoeier
- 5 ml koeksoda
- 2,5 ml sout
- 2,5 ml fyn kaneel
- 150 g witsuiker
- 3 piesangs fyn gedruk
- 1 eier liggies geklits
- 5 ml vanillageursel
- 76g botter gesmelt
- 80 g bruinsuiker
- 30 ml koekmeel
- knippie fyn kaneel
- 15 ml koue botter

## METODE

- Stel jou oond op 180C Ek het deurgans net met 'n vurk gemeng.
- Meng die witsuiker, koekmeel, bakpoeier, koeksoda, sout en 2,5 ml kaneel in 'n bak.
- In 'n ander bak meng die eier, vanillageursel, gesmelte botter en fyn piesang. Gooi dit by jou droe bestanddele en meng goed.
- Gooi in gesmeerde muffinpannetjie. (Ek het papierhouers ingesit)
- Meng die bruinsuiker, koekmeel,knippie fyn kaneel en botter met jou hande totdat dit soos nat sand lyk.  Verdeel die krummels tussen jou muffins.
- Bak vir 20 tot 25 min. Laat dit afkoel in die pannetjie.

| SONDAG | MAAN | DINS | WOENS | DOND | VRYDAG | SATERD |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 Rico Grobler | 2 | 3 | 4<br><br>Marie Britz | 5 |
| 6 | 7<br>Piet van der Westhuizen | 8 | 9 | 10<br>Riaan Grobler | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16<br>Martha Botha<br>Hannelie Rockas | 17<br>Juci Holder | 18<br>Barend Jonker | 19 |
| 20<br>Popsie Lotter | 21 | 22 | 23<br>Eleanor Harmse | 24 | 25<br>Ria Pendoris | 26 |
| 27<br>Hester Myburgh | 28 | 29<br>JP de KLerk | 30 | 31<br>Francois Havenga<br>Kitty Jordaan | | |

Dames kuier

**Silwerjare funksie**
**9April 10h00**
**Ralie**